28108 12016

MATTEUS 5:16 = GETUIG (Laat skyn jou lig / Wees 'n Ligdraer!..)

#SKRIFLESING: Jesaja 8:23-9:1 en Johannes 1:1-13 (4-5,9) en Matteus 5:14-16

#PREDIKING=INLEIDING: Maansverduistering is/bly iets spesiaals, nie waar nie? Hoe wérk dit?..Son is ligbron, ***maan slegs weerkaatsing=reflektéér sonlig.*** Oomblik wat aarde tussen son/maan inbeweeg, ***gooi aarde skadukol op maan en is die "liggee-effek" v/d maan minder.*** Noem dit maansverduistering... ***Is daar iets soos Géestelike verduistering?*** Indien wél, ***moet ons praat van Gódsverduistering - of is die woord dalk eerder "ménsverduistering"?..***

+OORGANG: Die Woord praat gedurig daarvan dat Jesus die Lig vir die wêreld is - ***en dat ons ligdraers moet wees.*** Waar het alles begin? Hoe wérk dit?....

+EKSEGESE&TOEPASSING: Reeds op die eerste bladsye v/d Bybel tref ons die kwessie van lig/duisternis=donkerte aan. Trouens, God se 1ste skeppingsdaad was om lig te skep, sodat daar lewe kon begin (**GEN 1:3**). *Terloops,* ***hoekom kón God lig skep? Want Hy ís lig en daar is géén duisternis in Hom nie!*** (**1 JOH 1:5**)

*Kort na die skepping sak daar egter weer 'n duisternis/donkerte oor die aarde, dié keer 'n Géestelike donkerte, die sondeval - die tragiese verhaal van **GEN 3**. Maar omdat God liefde is en die sonde haat, maar die sondaar liefhet, besluit Hy om weer "lig" in die duisternis te bring - Hy besluit om sy Seun te stuur (**JOH 3:16**).

Maar daar moes eers 'n klómp voorbereiding wees. Dáárom dat ons reeds 900 jaar voor Jesus se geboorte 'n voorspelling aan die volk hoor: **JES 8:23a en 9:1,5a = "Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie. Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien; oor die wat in die donker land was, het 'n lig geskyn. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee..."** Dádelik is daar 'n verwagting by die volk - die Messias kom eendag!..

*En dan, **"in die volheid vd tyd/toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het"** (**GAL 4:4** - OV/NV) word die HJX, ons Verlosser, gebore! Tréffend is die rol van "lig elemente" by die geboorte v/d Lig: ***(1)*** Wanneer die engel v/d Here die geboorte aan die skaapwagters aankondig, **"[skyn die] glans v/d heerlikheid v/d Here rondom hulle"** (**LUK 2:9**); ***(2)*** die sterrekykers uit die Ooste sien/volg sy stêr (**MATT 2:1 / NUM 24:17**); en ***(3)*** met die geboorte van Johannes die Doper ('n paar maande vóór Jesus), profeteer sy pa, Saggaria die volgende oor Jesus wat kom: **"Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan die wat in duisternis [lewe] en wat in die skaduwee v/d dood lewe."** (**LUK 1:78b-79a**). Dáárom dan ook dat **JOH 1:4-5, 9** oor Jesus se geboorte praat as die koms v/d Lig na die wêreld.

*B/S: Hoekom dink julle was Jesus se lewe/bediening so rof/het dit met sóveel lyding gepaardgegaan? Want Satan - die vors van duisternis - háát lig! ***Jesus se koms was 'n óórlogsverklaring teen die magte v/d duisternis!*** Daarom probeer Satan die Lig déúrentyd deur sy eie mense uitdoof (**JOH 1:9-11**). ***Dié stryd word físies geïllustreer,*** wanneer daar met Jesus se kruisiging van ***12-3nm duisternis oor die aarde kom.*** Satan dink hy't gewen, ***maar God "skakel die lig weer aan" deur Jesus se woorde*** **"dit is volbring"** (**JOH 19:30**) ***én deur die krag van sy opstanding*** (**EFES 1:18-20**).

*Wat is die implikasie daarvan/bg vir ons vanoggend? ***(1) Jesus ís*** die lig vir die wêreld: **"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat die lewe gee."** (**JOH 8:12**) ***(2) Ons moet óns liggies laat skyn in hierdie donker wêreld!***

Dan nie omdat ons so vóél nie, maar omdat ons móét - dis 'n opdrag van God-die-Seun sélf: **"Júlle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig só voor die mense skyn....dat julle Vader verheerlik word." (MATT 5:14a en16)**

Hóé laat 'n mens jou lig skyn, waar kom die lig vandaan? B/S: ***Ons word nié daarmee gebore nie; ons ontváng die liggee-vermoë, wanneer ons die Lig aanvaar.*** Ons sou ook kon sê ***ons weerkááts bloot die Lig.*** Aanvanklike beeld van maansverduistering toegepas: ***"Ligdraers" is mense wat "in lyn met die Lig v/d lewe kom/leef"***. Saam met ál die verwysings na Jesus as lig, word God 3-enig ook in **MAL 4:2** as die **"son van geregtigheid**[OV]**/redding"** beskryf. Sou dus kon sê: ***JX is die Ligkind wat Lig in my lewe bring. Ek/Ons moet Lig gee aan 'n donker/ soekende wêreld.***

*Nou sit hier dalk vanoggend sommige van ons wat wonder: ***"Maar hóékom súkkel ek so om Ligdraer te wees?"*** Kom ons noem 3 moontlike redes: ***(1) Ek is godsdienstig*** (eerbied vir God, kerklik betrokke), ***maar ek is nog nie "in lyn" met die Sonkind nie!*** Anders gestel: Ongered/ verlore! B/S, ***jy kan nie iets wéés, as jy dit nog nie ís nie! Nie iets géé, as jy dit nog nie ontvang het nie!...(2) Geréd/In lyn - maar die wêreld kom tússen my en God.*** Beeld: Maansverduistering vind plaas wanneer die aarde/wêreld tussen son/maan kom. Bruid v JX, ***Ménsverduistering vind plaas wanneer die wêreld (gelade term) tussen my en God/Ligbron kom...*** Die maniér waarop die "wêreld" tussen my/God kom - is dit régtig nodig om te verduidelik? . Wat bring die HG op dié oomblik in jou Gees op, as rede vir die "donker kol" op jou veronderstélde Liggewende lewe? Wees asb éérlik voor God!.. B/S, **1 JOH 1:6-7 = "As ons beweer dat ons aan Hom** [God] **deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde."** Volwassenes, die wêreld dink intimiteit vind in die donker plaas - ***maar God sê wáre intimiteit (gemeenskap met Hóm) vind in die Líg plaas!*** Ons gebruik die donker om ons seerkry, foute, vrese en mislukkings weg te steek. In die Lig bring ons dit egter na waar almal/Hy dit kan sien, erkén ons wie ons wérklik is - en só word ons vergewe/vry!... ***(3) Persoonlike krisisse maak dat ons liggie dalk flou brand.*** Beeld: Gedeeltelike verduistering. Seerkry, ontnugtering, verwerping...Hóékom gebeur dié dinge met Ligdraers? ***Want duisternis háát lig!*** Verwys **JOH 3:19-21**. Praktiese illustrasie: Jongmense by partytjie x donker vertrek. Stap met flits daar in... Ongeag die seer/pyn, onthóú:***God laat dit toe, want sy doel met ons is nié net ons vóórspoed nie, maar ons vollédige bevryding! Bly in lyn, sodat jy kan skyn!..*** Voel jy weerkaats *dalk maar net* ***40 Watt se lig;*** maar dis *(vir eers)* rég - ***40 Watt verlig óók die kamer.*** *Dalk net* ***'n vúúrhoutjie se ligglans.*** Dis *(vir eers)* rég! Onthou, ***ál die duisternis v/d wêreld kan nie die lig van 1 vuurhoutjie uitdoof nie!***

*Geliefdes in die HJX: Die donker in hierdie wêreld is verskríklik! Dit storm op ons af, verswelg ons van alle kante; dit het báie name: Armoede, vigs, geweld, oorlogsmisdade, onmenslike wreedheid. Ons kán egter kers vashou in die donker, want **"God wat gesê het 'Laat daar lig skyn in die duisternis,' het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis v/d heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal." (2 KOR 4:6)***

+**SLOT:** Vehaal van 2 delwers x diamante - réuse vonds! ***Besluit om tjóépstil te bly, want het besef as hulle daaroor praat, sal ánder delwers hulle stukkie grond kom omploeg...*** Na hul búúrdorp vir inkopies. Ná aankope, op pad huistoe, merk hul tot hul ontsteltenis dat ongeveer 100 delwers (mét hul gereedskap) agter hulle aanloop! Vra: "Hoekom volg julle ons?" Antw: "Ons wil saam met julle na die ander diamante gaan soek." Broers sê verbaas:"Maar ons't nie gesê ons't diamante gekry nie?.." Delwers antwoord: ***"Was nie nodig nie - ons het dit op julle gesigte gesien." "Lighthouses dón't ring bells or fire canons - they just brightly shine and warn against dangerous rocks..." Kom ons "verLig" die Rots!*** **(PS 18:3)** (...\Preke\Getuig\Mat5v16)